**SA Media - The University of the Free State** | Page: 1

**Source: LANDBOUWEEKBLAD** | **Date: 22-Aug-2003**

**Topic: 19** | **Ref No: 4595**

1

ID: 02984660-01 | Source Page: 81

Soos ek dit sien — Deur Manie

# Uiteindelik praat iemand van geelwortels!

Die wenresep vir die landbou is eenvoudig: Meer geelwortel, minder knopkierie. Dís basies wat Johann Kirsten, voorsitter van die Voedselpryskomitee, pas vir die Portefeuljekomitee vir Provinsiale en Plaaslike Regering gesê het toe hy hulle oor grondbelasting vir die landbou toegespreek het.

Die komitee se opdrag aan Johann was om 'n onafhanklike oordeel te fel oor al die voorleggings oor grondbelasting vir plase wat aan die komitee gemaak is, en dan sy eie mening te gee.

En toe maak hy dié belangwekkende gevolgtrekking: Die opsie van totale kwytskelding van grondbelasting lyk na die mees logiese keuse.

Manie reken dit was een van mees nugtere ontledings van 'n omstrede kwessie wat in jare gesien is. As dit nie beleidmakers twee keer laat dink nie, wonder 'n mens of hulle ernstig is om die lewenskragtige en verenigde landboubedryf staan te maak wat die Mbeki-landbouplan bepleit.

Die eerste reaksie was maar killerig. Voorsitter Junus Carrim het teruggekrabbel, ander lede betwyfel glo Johann se onafhanklikheid. En, ja, 'n mens moet aanvaar hulle het seker 'n probleem met totale kwytskelding, want dit kan 'n presedent skep vir kerke, skole, Transnet en wie nog.

Manie aanvaar verder die komitee kén die Mbeki-plan en dat hulle nie vooropgestelde idees oor grondbelasting het nie! (Junus het darem geskimp oor 'n kompromis.)

Manie glo daar sal 'n positiewe uitvloeisel kom. Dit kan nie anders nie. En dan het hierdie prosesse mos maar 'n manier om snaakse draaie te loop – van gee en neem.

Johann het o.m. verwys na die feit dat ons vernaamste handelsvennote oorsee hul landbougrond baie laag of glad nie belas nie; na die staatshulp wat hulle daar kry; die pakkaas belastings wat reeds op óns boere gelaai is, en dit toe deurgetrek na die aandrang dat ons boere meer mededingend moet word – sonder staatsubsidies.

"Hoekom skep ons nie vir ons boere 'n omgewing wat hulle sal aanmoedig om meer te belê en só meer mense in diens te neem nie? Hoe kan ons van die begunstigdes in die grondhervormingsproses verwag om suksesvol te wees as ons 'n bedeling skep waarin hulle waarskynlik nie sal oorleef nie?

"Ek wil voorstel dat ons eerder boere met aansporings beloon om dié dinge te doen wat die Regering en die samelewing graag wil sien moet gebeur."

Watter groot waarheid lê nie hierin opgesluit nie. Want kom ons wees eerlik: Sedert '94 is min geelwortels in die landbou gesien, wel baie knopkieries – nogal met die staat se stempel daarop!

**WEES SLIM:** Die Voedselpryskomitee se verslag oor die wenslikheid van 'n strategiese graanreserwe is blykbaar nou by die Minister van Landbou.

As Manie Thoko Didiza was, sou hy hierdie ding maar 'n stille dood laat sterf het. Al die groot ghoeroes beduie immers so.

Kyk, moet ons nie verkeerd verstaan nie – die gedagte agter die ondersoek was baie edel, want dit gaan oor armoedeverligting en die bekostigbaarheid van stapelvoedsel. Thoko sal egter veel meer dinamies na vore tree as sy 'n sterk beleidsbesluit oor voedselsekerheid in die algemeen, en spesifiek verligting op verbruikersvlak, neem, pleks van haar kop in 'n graanreserwe-byenes te gaan steek.

Kleinhandelpryse spring dalk hier en daar bont as iets erg gebeur (soos verlede jaar met die rand), maar in die algemeen is hulle redelik stabiel omdat verwerkers baie van hierdie wisselings absorbeer. Dieselfde kan nie van kommoditeitspryse gesê word nie

Die vraag wat Thoko dus vir haarself moet beantwoord, is vir wie sy pryse wil stabiliseer om met armoedeverligting te help. Produsente of die verbruiker? In dié geval is dit tog laasgenoemde. Dan is die antwoord klinkklaar: Gryp in by jou teikenmark in die vorm van voedselhulp, daar waar jy die mees sigbare resultate gaan sien.

Los liefs die graanreserwe en die termynmark. Hulle het die gewoonte om selfs die kenners soms sleg te byt. Vra maar vir manne soos die Morgans.

Maar wag, Manie is nie die landbouminister nie. Ek dink egter steeds jy moet daai graanplan maar blik, sis' Thoko!

**GENUGTIG!:** Dis darem 'n bitter onregverdige klad wat 'n Swartlandse boer in die vorige uitgawe op Suid-Kaapse boere gaan plak het! Dit nou oor hulle glo geld vra vir voer aan hul Swartlandse broers in nood, terwyl die Swartlanders twee jaar terug hooi gratis na die destydse droogtegeteisterde Suid-Kaap gestuur het.

Sommer met die eerste lees van daardie gewraakte brief het Manie gedink: HKGK! Dalk het die betrokke boer 'n sleg stel afgetrap met 'n inhalige enkeling, maar algemene praktyk? Nie maklik nie.

Dis in elk geval nie die prentjie wat op die afgelope kongres van Agri Wes-Kaap geskilder is nie.

Ewenwel die tydskrif was skaars op straat, toe begin die telefoonoproepe en briewe instroom, die meeste uit die Swartland self

Lees maar self op ons brieweblaaie. Twee het die oog gevang: Die versoenende trant in Hanlie Uys van Heidelberg se brief, maar ook die een deur Pietman Lourens, wat die droogtehulp twee jaar gelede in die Suid-Kaap gekoördineer het. Want daar praat statistiek, en nie vae veralgemenings nie.

Dié petalje wys maar net weer hoe gevaarlik veralgemenings is. Manie het 'n vermoede daai man gaan 'n nuwe betekenis van die woord "ontnugter" raakloop.

**SKIKKING?:** Dit sou interessant gewees het om 'n vlieg aan die muur te wees om te hoor wat in Australië aan die kook is met Suid-Afrika se hofsaak oor die waarde van die Wolmerk.

Maar dalk kry dit vandeesweek rigting, straks in die vorm van 'n skikking.

Manie verneem dat die koste van die geding sowat R30 miljoen kan beloop. Die bedrag wat Suid-Afrika hoop om daaruit te kry, kan van R50 miljoen tot R250 miljoen wissel, afhangend van watter waarde op die Wolmerk geplaas word.

Wen Suid-Afrika die saak en hy kry die kleiner bedrag plus koste, kan sowat R80 miljoen na ons toe kom. Verloor ons die saak, sal net die koste van die geding meer wees as die geld wat die Woltrust in die buiteland belê het

'n Mens kan jou dus indink dat die manne by die trust, wat die geld vir die saak moet voorsien, erg onrustig op hul stoele rondskuif oor die ding so voortploeter.

Laat ons maar hoop ons vaar in die hof beter as op die Aussie-rugbyvelde!